

VOORWOORD

HETTA POTGIETER
REDAKTEUR

In hierdie uitgawe van *Vir die Musiekleier* reis ons weer! Anders as in die 2012-uitgawe, waarin ons vreemde plekke verken het, kom ons hierdie keer huis toe. Ons ry met interessante vervoermiddels: waens en osse, klein, stadige motortjies, nuwe, blink gevaartes en massiewe vervoertrokke – oor berge en dale, by kloosters, kerke, kerksentrums, konsertsale, kunstgalerye, museums en allerhande tipe huise verby. Op pad ontmoet ons digters, komponiste, kunstenaars, kore, orrelbouers, ouderlinge, diakens, predikante, priesters, musikante, orreliste, jong en ou mense, asook armes en rykes.

Waarheen is ons op pad? Soms beteken “op pad” om op soek te wees na dinge wat die lewe betekenis gee of ’n beter plek maak, of dit sommer net mooi maak. ’n Kunstenaar is immer op soek: sy kreatiwiteit lei hom om te skep en te herskep; daarom het kunstenaars ook die begaafdheid om oorgeërfde tradisies nuwe betekenis te gee.

Kom ons begin hierdie uitgawe deur oor ’n digter te gesels. W.E.G. (Gladstone) Louw is in 1913 gebore, dus 100 jaar gelede. Dit was al lankal ’n ideaal van orrelis en koorleier **Dalene Steenkamp-Brits** om Louw se ses gedigte getiteld “Die passie van ons Heer” vir vierstemmige koor te toonset. Die ervaring was vir haar des te meer besonders omdat sy W.E.G. Louw persoonlik geken het. **Alma Oosthuizen** het by haar op George gaan kuier en uitgevind waarom komposisie vir Dalene so spesiaal is. Ons plaas die ses liedere, wat tydens Woordfees 2014 op Stellenbosch uitgevoer gaan word, spesiaal ook in hierdie uitgawe.

Tydens die mens se reis deur die eeue en veranderende kommunikasiekulture, vind herkonseptualisering telkens plaas. Niemandt (2007:19) merk tereg op “dat die [evangelie] boodskap beïnvloed word deur ’n vars en nuwe ontmoeting met ou tradisies en waarhede. Dit word gegiet in nuwe uitdrukkings van geloof.”

Hildegard van Bingen word as een van die belangrikste vroue van haar tyd beskou en vandag is haar lewe, teologie en mistisisme weer aktueel.¹ Tydens ’n kongres oor “Musiek en welstand” wat vanaf 6 tot 10 Augustus 2013 in Potchefstroom gehou is, het eerw. prof. **June Boyce-Tillman** van die Universiteit van Winchester die lewe en werk van Hildegard van Bingen (1098-1179) voorgedra en ’n artikel, “Hildegard of Bingen – A Woman for our Time?”, vir hierdie uitgawe geskryf. Hildegard het haar liedere gekomponeer deur intuïtief kreatief te wees. Gedurende die 17de en 18de eeu het filosowe die klem meer op die rede laat val en tradisies bevraagteken. Ons het die spontane proses van musiekskepping wat Hildegard gevolg het tot ’n mate verloor.

Dit is deesdae ’n uitdaging om nuwe kerkliedere te komponeer wat by gemeentes inslag

¹ ’n Aanbieding van June Boyce-Tillman, Hildegard of Bingen: Visions of the Trinity, wat sy tydens ’n forum in St. Paul’s gemaak het, kan op YouTube gesien word (www.youtube.com/watch?v=VmcfcVjjc).

vind. Ons plaas in hierdie *Vir die Musiekleier* twee artikels oor die onderwerp: **Daleen Kruger** ondersoek 'n aantal Nuwe Testamentiese liedere wat in Nederland ontstaan het, en **Jacoba van Rooy** deel met ons die resultate van 'n empiriese ondersoek wat sy in 2008 onderneem het om te bepaal watter Nuwe Testamentiese liedere in *Psalmsboek 2003* die gewildste is.

Kruger neem ons na 1807 terug, toe die *Evangelische Gezangen* (1806) in Nederland in gebruik geneem, en daar besluit is dat die gesange ook in Suid-Afrika gesing moes word. Die gesangeboeke het presies twee eeue gelede (1813) aan boord van die Roxbury Castle in die Kaap aangekom. Van hierdie *Evangelische Gezangen* (1806) het mettertyd inslag gevind in Afrikaanse kerke en die tekste is in Afrikaans omgedig. Die metamorfose wat sommige liedere ondergaan het, dui daarop dat hulle 'n tuiste in Suid-Afrikaanse kerke gevind het. Nuwe liedere vir erediensgebruik is egter 'n proses wat voortdurend aandag behoort te kry. **Van Rooy** se empiriese navorsing oor gewilde liedere gee vir komponiste en digters riglyne vir die skryf van toekomstige liedere.

Dit is die gebruik dat daar tydens die Suider-Afrikaanse Kerkorreliste Vereniging (SAKOV) se jaarvergadering 'n gasspreker uitgenooi word om 'n spesifieke onderwerp as die G.G. Cillié-gedenklesing aan te bied. Op 31 Augustus 2013 het **Albert Troskie** die koning van die instrumente se koms na Suid-Afrika bespreek en met foto's oor orrels, orreliste en orrelbouers toegelig. Om 'n orrel in die begin van die twintigste eeu vanuit Europa of Amerika na Suid-Afrika te bring, was 'n nuuswaardige geleentheid. 'n Mens se verbeelding kry vrye teuels wanneer jy van die kratte hoor wat vanaf die skip op 'n trein en later, waar die treinspoor ophou, op ossewaens gelaai is. Wanneer die kratte met die verskillende dele van die orrel daarin hul bestemming bereik het, is dit aanmekeer getimmer deur gewillige, handige persone wat dit nog nooit tevore gedoen het nie! Die heuglike tyding het dan gou versprei en wanneer daar 'n orreluitvoering in die omgewing aangebied is, het mense in groot getalle kom luister. So het honderde orrels en besoekende orreliste oor twee eeue na Suid-Afrika gekom en het 'n orreltradisie in groot stede en klein plattelandse dorpie ontstaan.

Daar is ook twee boeke wat ek graag by die lesers wil aanbeveel: Johan Cilliers moedig ons in *Dancing with Deity* (2012) aan om estetiese denke te ondersoek, terwyl Nelus Niemandt in *Nuwe drome vir nuwe werklikhede* (2007) die uitdagings van Christene in Suid-Afrika skets. **Christiaan Carstens** bespreek in detail 'n aantal CD's waarop oorsese en Suid-Afrikaanse orreliste die potensiaal en veelsydigheid van hierdie wonderlike instrument na vore bring.

Aangesien die *Nuusbrief* 'n eie identiteit en selfstandigheid ontwikkel het, word die Verenigingnuus daarin geplaas en word hierdie uitgawe afgesluit met **Bouwer van Rooyen** se 2013 Voorsittersverslag.

Baie dankie aan Matildie Thom Wium wat as mederedakteur 'n knap navigator was vir ons Suid-Afrikaanse reis. Deur die eeue en ook nou sê ons saam met Lina Spies (2010:113):

Musiek kan my teken
soos die son 'n blaas
al die spylkante
van die self gesluit,
maar al die kanale
van hart en sinne oop:

Aar vir aar
sigbaar teen die blou
is ek deel van die ewigheid
en van nou.

Seënwense vir 2014.

Hetta Potgieter

Niemandt, N. 2007. Nuwe drome vir nuwe werklikhede. Wellington: Lux Verbi.

Spies, L. 2010. Die skyn van tuiskoms. Kaapstad: Human & Rousseau.